# DIE VYFTIGSTE DAG

Ons lees die opdrag oor die hou van die Feeste o.a. in Lev. 23. Die feeste wat Israel moes hou beeld profeties die verlossingplan uit wat rondom JaHUsha wentel en word sedert Hy gekom het nie meer volgens die Levitiese orde gevier nie maar volgens die orde van Melgisèdek. *(Sien: DIE FEESTE – JAHUAH SE VERLOSSINGSPLAN)*

Shavuot was die eerste fees wat gehou moes word nadat JaHUsha opgevaar het.

In Lev. 23 leer ons ten eerste dat die Israel van ouds eers die Pasga moes vier en daarna die Fees van Ongesuurde brode. Dan volg daar opdragte aangaande feeste wat gevier moes word nadat hulle die Beloofde Land sou ingaan wanneer hulle graan sou begin verbou.

Die Garsoes was eerste en daarvan moes 'n Eerstelinggerf gewuif word wat simbolies was van JaHUsha se opstanding uit die dood en vyftig dae nàdat die Eerstelinggerf van gars gewuif is moes die Fees van weke gevier word deur o.a. twee gesuurde brode as Eerstevrugte te wuif (te beweeg) in die tyd van die koringoes.

Die Fees van Weke of Shavuot *(weke is "shavuot" in Hebreeus)* word daarom ook genoem die Fees van Eerstevrugte van die koring. As die einde van die garsoes dus in sig is, dan is die oes van die koring die volgende fokus en daarvoor moet hulle 7 weke aftel (49 dae) en die dag nà die 49e dag word die Fees van Weke dan gevier as 'n sabbat op die **vyftigste dag**.

> Lev 23:15 Dan moet julle tel van die dag ná die sabbat, van die dag af as julle die beweegoffergerf bring **sewe volle weke** moet dit wees;
> Lev 23:16 tot die dag ná die sewende sabbat moet julle **vyftig dae** tel; dan moet julle 'n nuwe spysoffer aan JaHUaH bring.
> Lev 23:17 Julle moet uit jul woonplekke **twee beweegbrode** bring; dit moet van twee tiendes van 'n efa fynmeel wees; gesuurd moet dit gebak word as eerstelinge aan JaHUaH.
> Lev 23:18 Julle moet ook by die brood sewe jaaroud lammers sonder gebrek en een jong bul en twee ramme bring. Hulle moet 'n brandoffer aan JaHUaH wees saam met die spysoffer en die drankoffers wat daarby behoort as vuuroffer van lieflike geur aan JaHUaH.
> Lev 23:19 En julle moet een bokram as sondoffer berei. Ook twee jaaroud lammers as dankoffer,
> Lev 23:20 en die priester moet hulle saam met die **eerstelingsbrood as beweegoffer** voor die aangesig van JaHUaH beweeg saam met die twee lammers; dié moet aan JaHUaH afgesonder wees, ten voordele van die priester.
> Lev 23:21 En julle moet op daardie selfde dag uitroep: 'n afgesonderde vierdag moet dit vir julle wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Dit is 'n ewige insetting in al julle woonplekke vir julle geslagte.

Dieselfde patroon van "sewe maal sewe plus een" kry ons i.v.m. jare waar die vyftigste jaar die Jubeljaar is.

> Lev 25:8 Jy moet ook **sewe jaarweke** tel, sewe maal sewe jaar, sodat die dae van die sewe jaarweke vir jou **nege en veertig jaar** is.
> Lev 25:9 Dan moet jy in die sewende maand, op die tiende van die maand, 'n basuingeklank laat deurgaan; op die versoendag moet julle die basuin deur julle hele land laat gaan.

> Lev 25:10 En julle moet die **vyftigste jaar** afsonder en 'n **vrylating** in die land uitroep aan al sy bewoners. Dit moet vir julle 'n **jubeljaar** wees; dan moet julle **elkeen na sy besitting** en **elkeen na sy geslag teruggaan**.

Wat is die betekenis van die getal 50 dan? Dis min of meer dieselfde as die betekenis van die getal 5.

**DIE GETAL VYF EN DIE GETAL VYFTIG**

Die getal vyf het te doen met "genade". Die Verbond met Abraham het genade geïmpliseer en was die fondasie van die Ewige Verbond wat JaHUsha gekom het om te vervul met Sy folterdood (Rom. 3:23 – 25). Toe Hy diè Verbond met Abram gesluit het was daar **vyf** soorte diere geoffer.

> Gen 15:9 En Hy antwoord hom: Neem vir My 'n driejaaroud **vers** en 'n driejaaroud **bokooi** en 'n driejaaroud **ram** en 'n **tortelduif** *(turtle dove)* en 'n **jong duif** *(pigeon).*

Diè vyf diersoorte is ook in die offerandes in die Tabernakel gebruik (Ex. 29:38, Lev. 1:1 – 17. Lev. 3:1, Lev. 4:3, 14, 23, Lev. 5:6 – 7).

Dan ook het Elohiem Abram se naam daarna na AbraHam verander deur die **vyfde letter** van die Hebreeuse alfabet in sy naam in te voeg, naamlik die "hey" wat soos ons "h" is (Gen. 17:5). Hy het dieselfde met Sarai se naam gedoen. Hy het die letter "hey" agteraan haar naam bygevoeg, en sy het SaraH geword in plaas van Sarai (Gen. 17:15) hoewel dit nie in die Afrikaanse vertaling raakgesien kan word nie, want die "h" agteraan haar naam is toe uitgelaat wat baie jammer is. Deur AbraHam en SaraH sou diè Saad voortkom wat vir ons **genade** bewerkstellig het, naamlik JaHUsha.

**In die Tabernakel** se afmetings het die getal **vyf/vyftig** ook dikwels voorgekom (Ex. 24 – 27) en dis 'n plek waar tot Elohiem genader word om **genade en versoening** te verkry via die bloed van die offers wat dan ook een keer per jaar op die VERSOENdeksel gesprinkel is deur die hoëpriester.

Dis ook interessant dat die **vyfde koninkryk** waarvan ons in Daniël 2 lees, die **Ewige Koninkryk** van Elohiem is wat al die ander koninkryke sal verbrysel.

Vyftig is dus die getal van **genade**, **verlossing**, **uitredding**, **bevryding** en **versoening** met JaHUaH wat ons inlei in die Sabbatsrus waarvan Heb. 4 skryf, naamlik die Geestelike Beloofde Land van die Koninkryk van die Hemel (Heb. 4).

Die Israel van ouds moes by die getal 50 uitkom deur die weke af te tel, sewe weke en nog een dag, m.a.w. 7 X 7 + 1. So moes hulle tel, of dit weke van dae of weke van jare is.

Dis hoe dit hier in Lev. 23 gegee is en dis wat tot vervulling gekom het met die uitstorting van die Gees in Hand. 2 nadat JaHUsha opgevaar het.

Die Jubeljaar was weer die vyftigste jaar, en alle skulde is dan kwyt geskeld, slawe is vrygelaat en land is teruggegee aan die oorspronklike eienaar. Dit was werklik 'n "Jaar van Welbehae" soos wat die Skrif dit ook noem, 'n jaar om na uit te sien soos wat Jesaja daaroor geprofeteer het.

> Jes 61:1 Die Gees van die Meester JaHUaH is op My, omdat JaHUaH My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om **te verbind die gebrokenes van**

**hart**, om **vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep** en **vir die geboeides opening van die gevangenis**;
Jes 61:2  om uit te roep 'n **jaar van die welbehae** van JaHUaH ... en 'n dag van die wraak van ons Elohiem; om al die treurendes te troos;

JaHUsha het hierdie verse vervul.  Hy het ons van ons sondeskuld kom vryskeld en ons kom heelmaak en vrymaak.  Hy het vers 1 en vers 2 tot in die helfte, in die sinagoge gelees en gesê dat dit tot daartoe vervul is met Sy eerste koms.  Die deel van "die wraak" sal vervul word as Hy weer kom.

Luk 4:16  Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees.
Luk 4:17  En die boek van die profeet Jesaja is aan Hom oorhandig; en toe Hy die boek oopmaak, kry Hy die plek waar geskrywe is:
Luk 4:18  Die Gees van JaHUaH is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees;
Luk 4:19  om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die **aangename jaar** van JaHUaH aan te kondig.
Luk 4:20  En nadat Hy die boek toegemaak en aan die dienaar teruggegee het, gaan Hy sit, en die oë van almal in die sinagoge was op Hom gevestig.
Luk 4:21  Toe begin Hy vir hulle te sê: **Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul**.

JaHUsha het daar bevestig dat Hy dit kom vervul het wat Sy Naam beteken, naamlik "**om te verlos**". JaHUsha beteken "JaHUaH verlos" [**JaHU**(aH) + (ja)**sha**] … want "jasha" is die werkwoord wat beteken "om te red/verlos".

Matt 1:21  en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom **JaHUsha** noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes **sal verlos**.

Dis wat die getal 5 en 50 verteenwoordig:  JaHUaH se **genade** wat vir ons **verlossing** inhou en versoening met Hom.

Dit gaan ook gepaard met die **Gees van Elohiem** wanneer ons weer bietjie kyk na die vyfde letter van die Hebreeuse alfabet, naamlik die "hey".

Dit is 'n asemklank en word net gevorm deur uitaseming, m.a.w. met die lug/wind wat uitgeasem word as die klank gevorm word.  Wind en "gees" is dieselfde woord in die Hebreeus, naamlik "ruach".  In die Naam van Ja<u>H</u>Ua<u>H</u> is daar twee "hey's", soos wat Abra<u>H</u>am en Sara<u>H</u> elkeen een daarvan gekry het met die Verbondsluiting.

Dat JaHUaH Gees is word ook uitgebeeld in die uitspraak van Sy Naam.  Al die klanke in Sy Naam verteenwoordig die Gees, want dit is alles "asemklanke".

Joh 4:24  **Elohiem is Gees**; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.

Ons wil Hom aanbid en moet dit dan d.m.v. Sy Gees doen.

JaHUaH wat Gees is, het Homself as Vuur geopenbaar tydens die Verbondsluiting met AbraHam in Gen. 15, so ook aan Moses by die brandende bos (Ex. 3) en toe weer by die berg Sinai soos wat Hebreërs dit ook beaam.

> Gen 15:17  En ná sononder, toe dit heeltemal donker was, gaan daar ‘n **rokende oond** en **vurige fakkel** tussen dié stukke vleis deur.

> Ex 3:2  Daarop verskyn die Engel van JaHUaH aan hom **in ‘n vuurvlam uit ‘n doringbos**. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie!
> Ex 3:3  En Moses sê: Laat ek tog nader gaan en hierdie groot verskynsel bekyk, waarom die doringbos nie verbrand nie.
> Ex 3:4  Toe JaHUaH sien dat hy nuuskierig nader kom, roep Elohiem na hom uit die doringbos en sê: Moses, Moses! En hy antwoord: Hier is ek.
> Ex 3:5  En Hy sê: Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is afgesonderde grond.
> Exo 3:6  Verder sê Hy: Ek is die Elohiem van jou vader, die Elohiem van Abraham, die Elohiem van Isak en die Elohiem van Jakob. Toe het Moses sy aangesig verberg, want hy was bevrees om Elohiem aan te sien.

> Ex 19:16  En op die derde dag toe dit môre word, was daar donderslae en blitse en ‘n swaar wolk op die berg en die geluid van ‘n baie sterk basuin, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het.
> Ex 19:17  Daarop het Moses die volk uit die laer gelei **om Elohiem te ontmoet**, en hulle het gaan staan by die voet van die berg.
> Ex 19:18  En die hele berg Sinai het gerook, omdat JaHUaH **in ‘n vuur** daarop neergedaal het. En sy rook het opgetrek soos die rook van ‘n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe.

> Heb 12:29  Want ons **Elohiem** is ‘n **verterende vuur**.

Nou het ons ‘n beter beeld van die oorsprong van die Afgesonderde Gees wat soos vuurtonge op elkeen gaan sit het in Hand. 2 tydens Shavuot *(wat as “Pinkster” vertaal is weens die Griekse teks)*.

Dat dit op Shavuot was, hou verband met Sinai.

**DIE VERBAND TUSSEN SINAI EN HAND. 2**

JaHUsha het vir 40 dae nà Sy opstanding *(wat met die Wuif van die Eerstelinggerf was)* aan hulle verskyn en hulle geleer oor die Koninkryk van Elohiem. *(Sien: DIE AARD VAN DIE KONINKRYK VAN ELOHIEM)*

> Hand 1:3  aan wie Hy ook, ná sy lyde, Hom lewend vertoon het deur baie kentekens, terwyl Hy gedurende **veertig** dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van die koninkryk van Elohiem gespreek het.

Hy het hulle toe ook opdrag gegee om nà Sy hemelvaart te gaan wag in Jerusalem, soos wat Hy hulle voorheen ook al in die boek van Lukas aangesê het om te doen.

> Luk 24:46  En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Messias ly en op die derde dag uit die dode opstaan,

Luk 24:47 en **bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word** aan al die nasies, **van Jerusalem af** en verder.
Luk 24:48 En **julle is getuies** van hierdie dinge.
Luk 24:49 En kyk, **Ek stuur die belofte van my Vader op julle**. Maar julle moet in die stad **Jerusalem** bly **totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte**.

Hand 1:4 En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te **wag op die belofte van die Vader**, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.
Hand 1:5 Want Johannes het wel met water gedoop, maar **julle sal met die Afgesonderde Gees gedoop word** nie lank ná hierdie dae nie.
Hand 1:6 Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?
Hand 1:7 En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;
Hand 1:8 maar **julle sal krag ontvang wanneer die Afgesonderde Gees oor julle kom**, en julle **sal my getuies wees** in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.
Hand 1:9 En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.

Die Afgesonderde Gees moes oor hulle kom. Dit het nie by Sinai gebeur nie want die volk het toe nie kans gesien vir verdere direkte kontak nie en vir Moses as middelaar gevra.

Daar word bereken dat die gebeure by Sinai ooreen sou kom met die tyd waartydens Shavuot gevier sou word. Dit was daar dat die afstammelinge van Jakob se twaalf seuns die nasie van "Israel" geword het om vir JaHUaH 'n afgesonderde nasie te wees wat 'n getuienis en voorbeeld kon wees vir ander nasies om die ware Elohiem te verhoog en nasies na Hom toe te trek.

Ex 19:5 As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle **my eiendom** uit al die volke wees, want die hele aarde is myne.
Ex 19:6 En júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n **afgesonderde nasie** wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.

Dit was daartydens dat JaHUaH gemanifesteer het as Vuur toe Hy direkte kontak met Moses en die Volk gehad het. Sy stem was vir die volk so vreesaanjaend dat hulle gevra het dat Hy liewer deur Moses met hulle moes praat (Ex. 20:19). Dit was ook toe dat hulle die Tien Woorde as Verbondsoorkoms gekry het wat op kliptafels geskryf was en in die Verbondsark geplaas moes word.

As hulle dit nie gedoen het nie, wonder mens hoe sou dinge daarna verloop het. Sou Hy Sy Gees toe al op hulle uitgestort het? Maar dit is toe presies dit wat in Hand. 2 wel gebeur het op Shavuot/Pinkster wat die geestelike teenpool van Sinai was en daarom word die Tien Woorde sedertdien op die vleestafels van die hart geskryf vir elkeen wat die Afgesonderde Gees sal ontvang (2 Kor. 3).

Hebreërs noem dit 'n **gemeente van Eersgeborenes** (Heb. 12:23). Onthou dat Israel JaHUaH se **Eersgebore Seun** genoem is (Ex. 4:22).

Dit is dus duidelik dat Israel hier in Hand. 2 volgens Heb. 12 "weer 'n keer gebore is", soos wat dit die eerste keer fisies tot stand gekom het by Sinai was dit nou geestelik d.m.v. die Afgesonderde Gees. Fisiese Jerusalem waar hulle moes wag was toe die plek van oorgang na 'n Nuwe Geestelike en Hemelse Jerusalem vir hulle. *(Sien: DIE BETABARA VAN JERUSALEM)*

> Heb 12:18 Want julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm
> Heb 12:19 en basuingeklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen woord meer sou toegevoeg word nie—
> Heb 12:20 want hulle kon die gebod nie verdra nie: selfs as 'n dier die berg aanraak, moet dit gestenig word of met 'n pyl neergeskiet word.
> Heb 12:21 En Moses, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder.
> Heb 12:22 Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende Elohiem, die **hemelse Jerusalem** en tien duisende engele,
> Heb 12:23 by die feestelike vergadering en **die gemeente van eersgeborenes** wat in die hemele opgeskrywe is, en by Elohiem, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges,
> Heb 12:24 en by JaHUsha, die **Middelaar** van die **Nuwe Testament** *(Hernude Verbond),* en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.

Dit is wat met die 120 in die bo-vertrek gebeur het, toe daar van hulle 'n "afgesonderde nasie" vir JaHUaH gemaak is. Dit was die begin van die vorming van die Geesgevulde Israel, die Israel van Elohiem (Gal. 6:15 -16) met JaHUsha as Middelaar, nie meer Moses nie en Petrus gebruik die spesifieke woorde van Ex. 19:5 – 6 om dit duidelik te maak dat dit nie meer gaan oor 'n fisiese Israel nie.

> 1 Pet 2:9 Maar <u>julle</u> is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n **afgesonderde volk**, 'n volk **as eiendom verkry**, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,
> 1 Pet 2:10 <u>julle</u> wat **vroeër geen volk was nie**, maar nou die volk van Elohiem is; **aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie**, maar **nou bewys is**.

Die doodsbeendere van die fisiese Israel wat by Sinai tot stand gekom het maar wat sonder Gees was, het lewe/gees in hulle gekry en so is Geestelike of Skriftuurlike Israel gevorm.

> Eseg 37:1 Die hand van JaHUaH was op my, en Hy het my uitgebring deur die Gees van JaHUaH en my neergesit in die laagte; en dit was vol bene.
> Eseg 37:2 En Hy het my by hulle laat verbygaan na alle kante toe; en kyk, daar het 'n groot menigte oor die laagte gelê, en kyk, hulle was baie dor.
> Eseg 37:3 Toe sê Hy vir my: Mensekind, **kan hierdie bene lewendig word**? En ek antwoord: Meester JaHUaH, U weet dit.
> Eseg 37:4 Daarop sê Hy vir my: Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: Dor bene, hoor die woord van JaHUaH!
> Eseg 37:5 So spreek die Meester JaHUaH tot hierdie bene: Kyk, **Ek bring gees in julle in**, sodat **julle lewendig kan word**.
> Eseg 37:6 En Ek sal senings op julle lê en vlees oor julle laat opkom en 'n vel oor julle trek en gees in julle gee, sodat julle lewendig kan word; en julle sal weet dat Ek JaHUaH is.
> Eseg 37:7 Toe het ek geprofeteer soos my beveel was. En sodra ek geprofeteer het, was daar 'n geruis, en kyk—'n beroering! En die bene het nader gekom, elke been na sy been.

> Eseg 37:8  Toe kyk ek en—daar was senings op hulle, en daar het vlees op gekom, en ‘n vel is bo-oor hulle getrek, maar daar was geen gees in hulle nie.
> Eseg 37:9  Daarop sê Hy vir my: Profeteer tot die gees, profeteer, mensekind, en sê aan die gees: So spreek die Meester JaHUaH: Kom aan uit die vier windstreke, o gees, en **blaas in hierdie dooies**, **dat hulle lewendig kan word**.
> Eseg 37:10  En ek het geprofeteer soos Hy my beveel het. Toe het die gees in hulle gekom, en hulle het lewendig geword en op hulle voete gaan staan—’n **ontsaglike groot leër**!
> Eseg 37:11  Toe sê Hy vir my: Mensekind, hierdie bene is die **hele huis van Israel**. Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons!

Op die vyftigste dag, tydens Shavuot, is die Gees toe met tonge van vuur uitgestort op die 120 en 3 000 het tot redding gekom toe hulle JaHUsha aan die mense daar verkondig het en elkeen het die boodskap in sy eie taal gehoor (Hand. 2:6 – 11).

> Hand 2:1  En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.
> Hand 2:2  En daar kom skielik uit die hemel ‘n geluid soos van ‘n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.
> Hand 2:3  Toe is deur hulle **tonge gesien soos van vuur**, wat hulleself verdeel en op **elkeen** van hulle gaan sit.
> Hand 2:4  En hulle is **almal vervul met die Afgesonderde Gees** en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

**EERSTEVRUGTE**

Wat gebeur het was die vervulling van die **twee gesuurde beweegbrode** wat as **Eerstevrugte** gewuif moes word, omdat suurdeeg in hierdie opsig verteenwoordigend is van die Afgesonderde Gees. Suurdeeg is lewendig, dis aktief in die deeg, dit “beweeg” en “werk” in die deeg totdat die hele deeg ingesuur is en mooi opgerysde brode te voorskyn kan kom, dis Brode van Lewe.

> Matt 13:33  ‘n Ander gelykenis het Hy hulle vertel: Die koninkryk van die hemele is **soos suurdeeg** wat ‘n vrou neem en in drie mate meel inwerk **totdat dit heeltemal ingesuur is**.

Eerstevrugte impliseer ook diè wat sal deel wees van die eerste opstanding uit die dood. Soos wat Messias Eerstevrugte was, so is diè wat in Hom is dit ook. Opstanding uit die dood geskied deur die Afgesonderde Gees.

> 1 Kor 15:23  maar elkeen in sy eie orde: as **eersteling** Messias, daarna die wat **aan Messias behoort by sy koms**.

> Rom 8:11  En as **die Gees van Hom** wat JaHUsha **uit die dode opgewek het**, in julle woon, dan sal Hy wat Messias uit die dode opgewek het, ook **julle sterflike liggame lewend maak** deur **Sy Gees** wat in julle woon.

**TWEE BRODE**

Die twee brode van Shavuot verteenwoordig die gesalfdes van die Ou Testament en dan ook die gesalfdes van Nuwe Testament wat deel van Geestelike Israel uitmaak, want daar was Jode en Israeliete van die verstsrooide tien stamme bymekaar.

Dit vervul die profesie, van die **eenwording** van **die Huis van Juda** en **die Huis van Israel/Efraim**. Die twee huise het ontstaan toe die Koninkryk van Israel nà Salomo se dood in twee geskeur het en die Tien Stamme weggevoer is na Assirië en so verstrooid geraak het. Eseg. 37 profeteer van die twee wat sal een word in die hand van JaHUsha.

Juda en Efraim het in Hand. 2 saamgesmelt as die "Israel van Elohiem" met die verkondiging van JaHUsha as Messias waartydens 3 000 in een dag gered is wat uitbalanseer met die 3 000 van fisiese Israel wat juis daar by Sinai gesterf het met die aanbidding van die Goue Kalf toe Moses op die berg was. Dit was 'n openlike skouspel van Sy genade en verlossing op hierdie vyftigste dag. Dit is ook die bewys van die oorskakeling na die geestelike.

In Hand. 2 is 'n nasie dus letterlik in een dag gebore en *let wel,* nie in 1948 nie (Eseg. 37:5 – 11).

> Jes. 66:8 Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar? Want Sion het weë gekry, meteens haar kinders gebaar.

Dit kan slegs deur JaHUsha as diè Saad van AbraHam gebeur. Fisiese Israel was die "sand van die see"-nageslag van AbraHam, maar "die sterre van die hemel"-nageslag was sedert JaHUsha die Gesalfde se koms, in en deur Hom, deur middel van Sy Afgesonderde Gees.

> Gal. 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy **Saad.** Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, **dit is die Gesalfde**.

Om die profesie van Eseg. 37 van die twee huise van Israel wat een word te vervul, was daar in Hand. 2:14 'n oorblyfsel van "**Juda**" (*Joodse manne*) en daar was ook 'n oorblyfsel van **Efraim**, naamlik die "Israliete" *(die Tien stamme is nà die skeuring "die Huis van Israel" genoem)* in Hand. 2:22 en so word die **HELE Israel** gered volgens Hand 2:36 (vergelyk Eseg. 37:11). Juda en Efraim het daar verenig **in** en **deur** JaHUsha die Gesalfde.

> Hand 2:36 Laat dan die **hele huis van Israel** sekerlik weet dat Elohiem Hom Meester en Gesalfde gemaak het, hierdie JaHUsha wat julle gefolter het.

Die salwing van die Afgesonderde Gees het hulle as "hernude" Israel in staat gestel om nou JaHUsha se **getuies** te wees (Hand. 1:8). Dis ons roeping ook en daarom moet daar van ons brood gemaak word. Ons is deel van die Geestelike Israel wat daar gevorm het, want daar is elke dag by die gemeente bygevoeg diè wat gered is (Hand. 2:47).

**PERSOONLIKE TOEPASSING**

Wanneer brood gemaak word moet die harde koringkorrels eers fyngestamp en gemaal word sodat dit sagte meel kon word waarby suurdeeg gevoeg kon word om opgerysde brode te kan vorm.

> Jes 28:28 Word broodkoring **fyngestamp**? ...

Gelowiges word uitgebeeld as koring in Matt. 13. Ons is ook van nature hard as ons nie deur die meule van die lewe fyngemaal word nie. Die maalproses sal die sterwe aan "**die self**", ons "**eie ek**", meebring as ons nie rebelleer nie, maar saamwerk met die proses om so heeltemal fyngemaal te word en sag te word soos meel, dan is ons gereed vir die Gees van JaHUsha om soos aktiewe suurdeeg in ons te werk en van ons Brode te maak wat ook in die vuur gaar gebak moet word. Diè vuur sal nie te warm vir die brode wees nie net soos die vuur van die smelter met die smelting van silwer. JaHUsha het vir ons "shalom" in gedagte, nie onheil nie (Jer. 29:11).

> Mal 3:2 Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want **Hy sal wees soos die vuur van die smelter** en soos die loog van die wassers.
> Mal 3:3 En Hy sal sit: **'n smelter en reiniger van silwer**, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan JaHUaH in geregtigheid 'n offer sal bring.

So maak Hy van ons Getuies vir Hom. Hoe meer mens saamwerk met die sterwe en verbryseling t.w.v. JaHUsha en die Waarheid, hoe meer ruimte is daar vir Sy Gees om in ons te werk as Suurdeeg wat van ons Brode van Lewe sal maak sodat daar geestelike voedsel kan wees tot uitbreiding van Sy koninkryk.

Wanneer ons dan Shavuot herdenk, identifiseer ons onsself weer as die Israel van Elohiem wat onsself ontledig van "die Self" en van die Wêreld en ook van Vals lering, sodat ons gevul kan word met Sy Gees wat ons stap vir stap in die volle waarheid sal lei om Gesuurde Brode te wees t.w.v. die Koninkryk. So bly Hy in ons en so bly ons in Hom.

> 1 Joh 2:27 En die **salwing** wat julle van Hom ontvang het, **bly in julle**, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en **soos dié julle geleer het**, so moet julle **in Hom bly**.

0-0-0-0-0

AndriYaH
Mei 2020